VAN PASTOR SCHANZ TOT PASTOR RUST (1953 – 1984)

Pastor Theodor Schanz (1953–1963), vroeër in die Ooskaap, se termyn is gekenmerk deur sy ywer om die Duitse karakter van die gemeente te herstel, en lidmate is aangemoedig om gereeld die kerkdienste by te woon. Baie is egter met nie-Duitse huweliksmaats getroud, en lidmaatgetalle het gedaal. Na sy aftrede is Pastor Schanz en sy vrou terug na Hanover/Duitsland waar hy in 1971 aan 'n hartaanval oorlede is.

Pastor Harry Kleinhempel (1963–1969), 'n Berlynse sendeling wat voorheen in Suid-Afrika werksaam was, en sy gesin kon met gemak in Afrikaans kommunikeer. Afrikaanse dienste is ingestel. Mev. Wilhelmine Kleinhempel het met haar ywer 'n groot oplewing onder die vroue lidmate bevorder. Na ses jaar het hulle na Duitsland teruggekeer.

Pastor em. Hermann Tötemeyer (1969–1975), vroeër Rynse sendeling in Suidwes-Afrika, is vanaf Duitsland beroep. 'n Wewenaar, het hy met sy dogter en haar familie die pastorie op Worcester betrek. Na troue diens het Pastor Tötemeyer in 1975 terug na Duitsland verhuis. Gedurende sy termyn is 'n Kindergarten gestig wat die gemeenskap van Worcester met groot vrug gedien het tot einde 2001.

Daarna het *Pastor em. Walther Kuhles,* ook 'n eertydse Rynse sendeling, vanaf Somerset-Wes uitgehelp, gevolg deur *Pastor K.W. Bodenstein* vanaf Wynberg. Ekonomiese omstandighede het die gemeente se getalle laat daal. Met **Pastor Erich Rust** (1982-1984) weer as voltydse pastor ter plaatse, is ernstig gepoog om op eie voete voort te gaan. Na 'n tyd is daar egter besluit op 'n nuwe bedeling
saam met St. Petri, Paarl.

IN VENNOOTSKAP MET PAARL (1984-2002)
In 1984 het die Worcester- en Paarl-gemeentes 'n gemeente-verband aangegaan. Die eerste gesamentlike pastor was **Pastor Manfred Löhde** (1984-1990). Die gemeentes word sedet 1990 bedien deur **Pastor Peter Molchin** met dienste afwisselend in Afrikaans en Duits. Met tans slegs 69 volwasse lidmate, is die gemeente a.g.v. die verkoop van die pastorie tog in staat om verder te funksioneer.

Inligting deur Eugen en Theo Beukes en Prof. R. Ottermann